


VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat het gebeur?
2. Hoe klink dit vir jou was dit in die tuin?
3. Wat het gebeur?
4. Wat het God gesê?



Dinsdag

1. Wat sien jy in die storie?
2. Hoe het hulle geweet hulle het nie klere aan nie?
3. Kon hulle rerig vir God weg kruip?
4. Wie was die slang?



Woensdag

1. Was Eva slim toe sy die vrug geëet het?
2. Hoekom het sy vye blare gebruik?
3. Wat sal ons kan skei van God?



Donderdag

1. Hoe kan jy nie sonde doen nie?
2. Wat kan jy doen as jy verkeerd gedoen het?
3. Gaan dit help om te jok daarvoor?
4. Hoe kan ons vergifnis vra vir sonde?



GENESIS 3 ADAM EN EVA KRUIP WEG

1 Johannes 1:6: "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie."

Het jy al ooit vir mamma gejoj oor 'n toetspunt? Soms jok jy omdat jy bang is mamma gaan kwaad wees. Maar wanneer jy gejoj het, bly jy heelyd bang. Wat gaan mamma sê wanneer sy uitvind dat jy sleg gedoen het in 'n toets en gejoj het daarvoor?

Dit is presies hoe Adam en Eva gevoel het. Adam en Eva het in die tuin van Eden gewoon wat die Here vir hulle geplant het. Daar was net een reël wat God vir hulle gegee het: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"

Die slang het eendag vir Eva gevra: "Is dit so dat God gesê het: "julle mag nie eet van al die bome in die tuin nie?" Eva het vir die slang gesê dat hulle van al die bome mag eet behalwe die boom van die kennis van goed en kwaad. Die slang het toe vir Eva gesê: "Julle sal beslis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julleoë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."

Toe sien Eva dat die boom goed was om van te eet. Sy het van die vrugte van die boom geëet en ook vir Adam gegee. Toe gaan Adam en Eva se oë oop en hulle het gesien dat hulle nie klere aan het nie. Hulle het vir hulle klere uit vyeblare gemaak.

Later hoor Adam en Eva die Here wat wandel in die tuin in die aandwindjie. Adam en Eva het weggekruip vir die Here. Toe die Here hulle roep en vra hoekom hulle wegkruip, moes hulle erken dat hulle bang was vir die Here. Hulle het prober om die skuld op mekaar en die slang te plaas, maar die Here moes hulle almal straf omdat hulle ongehoorsaam was. Hulle moes uit die mooi tuin uitgaan en hard werk.

Ongehoorsaamheid kan maak dat ons wil wegkruip vir ander mense. Wanneer ons weet dat ons skuldig is, kan ons nie meer gemaklik met ander mense wees nie omdat ons bang is dat hulle ons gaan uitvang. Dit maak dat ons dan voorgee en maskers dra voor ander mense.

Here help my asseblief om gehoorsaam te wees, sodat ek nie maskers hoef te dra om myself te beskerm nie.

